


DROOM 10: Hoe kan ek Google earth gebruik!



Voorbeeld van Bonnievale se 2012 Droom google kaart

Ek gaan dit so eenvoudig moontlik aan julle oordra, want ek kry baie navrae oor hoe om dit te gebruik. Dit is wel 'n verskriklike goeie medium om almal gelyktydig aan te spoor en in te lig oor wat waar gebeur.

Stap 1:

Laai "Goolge earth" van die internet af, indien jy dit nie het nie.

Stap 2:

Indien jy dit het maak die aangehegte dokument oop droomsa.kmz.

(Die aarde sal na vore kom en jy sal al hoe nader aan Suid Afrika beweeg todat dit tot stilstand kom waar jy al die droom dorpe kan sien.)

Stap 3:

Gebruik jou muis en navigeer met die ikone regs bo op jou skerm tot jy die prentjie het wat hier bo verskyn. (Dit is Bonnievale se droom plan 2012) dit het 'n rotasie , rigting en "zoom" funksie

Stap 4:



Aan die bokant van jou skerm sal jy sien dat daar 'n liniaal ikoon is.

4.1 Selekteer dit en jy sal 'n keuse kry van "line or path".

4.2 Selekteer "path"





4.3 Beweeg jou merker op die kaart en klik op enige punt.

4.4 Beweeg nou met jou merker weg van die punt en klik weer links. Dit kan jy verskeie kere doen as jy 'n kronkel pad volg.

4.5 As jy by die einde van jou pad kom klik regs en dan klik jy save.

4.6 As jy save druk gee dit jou die keuse van lyn dikte en kleur, los al die ander goed.

Dit gebruik ek om die gebied aan te toon waar ons gaan werk.

-  Blou vir areas reeds gedoen.
-  Groen vir areas waar bome geplant word.
-  Rooi vir areas waar struik geplant word.
-  Geel vir geboue en opgraderings.

Stap 5:

5.1 Om te beskryf wat elkeen beteken klik jy bo op die drukspelt.



Die drukspelt merk altyd die senter van jou bladsy op die skerm, so gaan so na as moontlik aan die plek en klik dan op die drukspelt ikoon.

5.2 Die ikoon verskyn dan op die plek wat jy geselekteer het.

5.3 Die pogram vra dan "name" en daar tik jy in byvoorbeeld papierbas bome x 14

5.4 Die ikoon kan jy verander op dieselfde bladsy regs bo, tik net op dit en jy sal al die opsies sien.

5.5 Ons gebruik die boompie vir boom aanplanting, branders vir struik, huise vir geboue opknap en + vir areas wat verbeter word.

5.6 Jy kan met dit maak soos dit vir jou pas.

5.7 As jy dit eers onder die knie het is dit maklik, dit het my twee uur gevat om als van Bonnievale te laai.

As jy vashaak bel my en ek gaan saam met jou dit deur. As jy nie gemaklik voel hiermee nie is dit net so goed, dan doen jy wat vir jou werk.

Dankie vir al die wonderlike nuus wat inkom.

Groete

Wel, ek het verlede week 'n nuusbrief na die Bonnievale-dromers uitgestuur dat ons Woensdagmiddag 18 Julie twee ingange na Bonnievale gaan opgradeer. Ek was uit die staanspoor baie opgewonde hieroor en het verwag dat ek na verlede jaar redelike betrokkenheid gaan hê. Ek het toe die e-pos soos altyd aan almal uitgestuur.... en daar vang die slangetjie my ook weer !..... net die munisipaliteit het opgedaag om die voorbereiding te doen! Hierdie keer was dit die gemeenskap wat nie opgedaag het nie!



Ingang na die sportgronde wat verlede week (18 Julie 2012) opgeknop is.

Vir my is dit baie belangrik om uit elke teleurstelling te leer, en dit het my laat dink..... Wat is 'n Dromer se primêre funksie dan nou eintlik binne jou dorpsverband? Jy kan en wil sekerlik nie as alleen vermag nie?

En daar gaan die liggie weer aan. Ons doelwit is mos om ons dorpe weer te laat funksioneer - deur gemeenskapsverantwoordbaarheid teweeg te bring om verval en agteruitgang stop te sit; 'n skoner omgewing daar te stel; die jeug te betrek (dit is 'n opvoedingstaak) en om die ouers deur middel van die kinders te betrek; 'n klimaat te skep waarin besighede bereid sal wees om weer te belê binne die gemeenskap ... en, baie belangrik: om ons gemeenskappe by mekaar te bring deur saam te werk.

En wat is die dividend wat 'n Dromer en jou dorp gaan kry as julle die doelwitte begin bereik?

- 'n **Skoner gemeenskap** - nie 'n skoner dorp nie, want in 'n skoon dorp maak iemand dit vir jou skoon en beteken dit nie dat daar minder rommel gestrooi word nie.
- **Veiliger dorp** - nie deurdadig julle die beste polisiemag het nie maar omdat die gemeenskap die oor en mond raak teen enige iets wat negatief is in hul gemeenskap.
- **Beter skoolprestasies** - nie omdat hulle nou 'n ander kurrikulum volg nie, maar omdat daar 'n trots is by daardie skole en omdat die ouers saamwerk en trots is op die skool wat hul kinders opvoed.
- **Meer besoekers aan jou dorp** - nie omdat jy feeste reël en duisende rande spandeer om mense na jou dorp te lok nie, maar omdat jou netjiese dorp 'n fees vir die besoeker raak en besoekers daarheen lok wat 'n toekomsvisie het.
- **Inverstering** - wat nie kom van staatshulp of van buite nie, maar van mense en besighede wat weer begin om in hulself te glo.
- **Werkskepping** - 'n Gemeenskap wat nie lewe nie, het nie energie nodig nie. Maar pomp lewe in so gemeenskap en die vraag na energie begin toeneem en werk word geskep sonder beloftes.
- **Gesonder gemeenskappe** - nie omdat daar 'n hospitaal of kliniek op jou dorp gebou is nie maar omdat die mens meer bewus word van persoonlike higiëne en omdat rommel, wat die broei-plek is van baie kwaad, nie meer om elke hoek en draai rondlê nie.

- **Verdraagsaamheid onder die verskillende kulture** – dit word spontaan bewerkstellig sonder 'n meesterplan van enige politieke party, want jou mense is nie net 'n kieser nie, maar 'n inwoner. Ongeag kleur strewe almal na 'n beter dorp en omgewing. Deurdat die droom dus 'n gemeenskaplike doel nastreef, bring dit gemeenskappe bymekaar.
- **Meer funksionele en betrokke munisipaliteit** – dit is nie nodig om geld hiervoor te begroot nie, want betrokkenheid kos nie geld nie.

Ek hoop regtig dat julle die goue draad regdeur al die bogenoemde stellings kan raaksien. Wat sal dit wees?: Die Droom pak nie die probleem op iemand anders af of gaan soek nie iemand van buite om die werk te doen nie, maar dit fokus al sy energie op die mense in sy dorp. En ons almal weet, as *iemand* nie iets sigbaar laat gebeur sodat jou dorp se inwoners dit kan raaksien om hulle sodoende 'n kopskuif te laat maak nie, *gaan niks gebeur nie!*

So wees *jy* maar die een om daardie *iets* te aat gebeur, al voel dit na 'n lang en steil pad. Die mense wat elke dag verby die opgeknapte areas ry, kan nie hul oë toekny nie, al probeer hulle hoe hard – hulle MOET en SAL raaksien wat jy gedoen het!

Daardie stukkie verbetering waarvoor julle paar Dromers verantwoordelik was, stimuleer onbewustelik die denke van jou gemeenskap - deur 'n bewuswording, skaamte, betrokkenheid, trots, selfondersoek, planne maak, entrepreneurskap, 'n hegte gemeenskap, hoop - en as die denke eers weer hul plek gevind het, raak die pad al makliker en kom die resultate vanself. Vra jouself die vraag af: Wat het JOU die kopskuif laat maak? Amore Bekker wat op RSG vertel van wat als gebeur? Bonnievale en ander dorpe se suksesverhaal? Een ding is verseker: DIT het 'n inpak op jou denke gehad en dit het jou besluit om 'n verskil te maak, beïnvloed! Niemand word met wanhoop gebore nie - jy leer dit aan soos jy grootword.

Jou primêre doel moet wees om 'n **gesindheid van vernuwing** te kweek in jou gemeenskap. Almal gaan nie oornag aan jou voordeur kom klop om hulp aan te bied nie. Jou moet verlief neem dat almal nie dieselfde passie of tyd het om iets vir hul dorp te doen nie. Maar wees verseker: indirek beïnvloed die voorbeeld wat jy stel hulle tog tot 'n behoefte om deel te wees van die beter-dorp-veldtog. Daardie hoek of draai wat jy en jou paar mede-dromers reggeruk het, staan uit as 'n monument van hoe dit kan lyk as mense weer in hulself en die toekoms glo. En as jy net deurdruk en vir 'n ruk lank voorvat, kom sluit die gemeenskap geleidelik een vir een aan by jou projekte. Die mens is inherent 'n kuddedier – hy wil aan 'n groep behoort. Watter beter groep is daar dan om aan te behoort as 'n groep Dromers!!

Hier op Bonnievale het die Munisipaliteit bv die volgende dag die bome langs die area waar ons gewerk het, opgeknop. Die Munisipale biblioteek is intussen gevef; die munisipaliteit het die sypaadjie langs ons hoofpad begin gruis (ons vra al jare daarvoor, maar daar was nooit geld nie); die dokter het gister begin rose plant by sy spreekkamer; nog twee plaasskole gaan begin droom; 'n donateur het gister 800 klein aalwyntjies aan ons geskenk om te plant.....

En die belangrikste: die gemeenskap se negatiewiteit jeens hul dorp se dag-tot-dag bestuur krimp by die dag - omdat daar weer 'n hoop in hulle wakker gemaak word dat 'n beter toekoms tog moontlik is vir hul gemeenskap. Dit is waar julle aksies van onskatbare waarde is, en nie maklik gemeet kan word nie.

Dis hoekom ons van onder af die voortou neem en nie van bo af werk nie.

Dis hoekom *jy* die foto's neem en nie altyd staan en smile sodat daar elke keer van jou 'n foto geneem word nie.

Dis hoekom jy nog nie gevra het "Wat kry ek daaruit?" nie.

Dis hoekom jy na ure se harde werk nog steeds droom.

Dis hoekom julle ± 450 mense uit 45 miljoen mense is.

Dit is hoekom dit so is

En dit is waarom julle gemeenskap saam met julle *sa/* begin droom, want julle is die voorbeeld om vir ander te wys dat dit nie 'n skande is om 'n beter toekoms na te streef nie.

Dis waarom ons is waar ons vandag al is, ten spyte van die “ odds” en omstandighede teen ons. Dromers moet eenvoudig aan hul onderskeie gemeenskappe wys dat 'n beter toekoms moontlik is, en dat dit net kan gebeur as die gemeenskap *self* iets daaraan doen!

Dit is 'n baie lang antwoord maar ek hoop dit gee moed vir die moedeloses. Vir diegene wat die paadjie baie makliker vind, baie dankie - julle energie en entoesiasme word raakgesien.

Dankie vir al die mediaberigte wat ons reeds ontvang het vir die media blad op SADOGOOD. Stuur gerus nog nuus aan.

Bome vir Thabazimbi

Ek verwys na jou e-pos van 18/06/2012. Jy het daar gemeld dat jy 'n boomvoorsiener het in Limpopo. Kan jy dalk vir my sy besonderhede gee of sê hoe ons met hom in verbinding kan tree?

Ons het saam met ons plaaslike munisipaliteit vergadering gehou. Ons voorsien asblikke(210l dromme) aan die skole in die dorp en omgewing en besighede. Die skole gaan dan die dromme versier, verf of enige iets om dit mooi te maak, ons gaan 'n wisseltrofee maak van herwinbare materiaal en dit dan vir die wenner gee. Volgende jaar gebruik ons weer die trofee vir ons volgende groen-projek. As ons regkom met die bome gaan ons dit by hierdie projek van ons inwerk of 'n projek op sy eie maak.

Lekker dag Christelle

Ek heg weer die lys van boomvoorsieners aan vir diegene wat dit nog nie gekry het nie:

1. OUTENIQUATREE FARM (Suid-Kaap) Word bestuur deur John Beneke:

Theuns, ons het die ander 10 bome aan Elsa in Kirkwood belowe en sy het al 2 keer gebel om te hoor of dit nog reg is! Hulle wil ook nog bome bestel, en ek bied hulle Kosprys - 20%. Ek sal my dienste en bome bied aan die DROOM projek teen Kosprys - 20% as n reel. Ek wil basies net my aankope+uitgawes+instandhouding van die bome dek en ek dink ons kan so dalk baie help om die DROOM projek verder te vat en meer bekostigbaar te maak. Ek haat konstante advertensie kostes en ek glo hierdie is elkgeval 'n beter manier van 'bemarking' vir ons as besigheid, as om die Advertensie maatskapye ryk te maak. My bemarkingsbegroting sal ek eerder aanwend as boom skenkings of afslag aan weldoeners.

2. TREE TRADE (Western Cape) Erna Ashbury is the owner of this nursery: All the clients of the Dream project would be able to buy in bulk at wholesale prices from Tree Trade. That is a equivalent of 20 % saving on all trees. Discount would be offered to bulk deliveries as well. Contat Erna @ 082940 2694

3. Just Trees (Western Cape) Carl is the owner of this nursery:“Just Trees is delighted to be part of the “DREAM SA” initiative. We wish all partners the very best in this initiative. Please feel free to contact us as we are offering all DREAM SA partners wholesale pricing for trees needed for this initiative. sales@justtrees.co.za Tel: 021 871 1595 or www.justtrees.co.za”

4. SIYAKULA NURSERY (Gauteng) Lucy Vermooten is the owner of this nursery: I received your contact info from SANA, and would like a little more info if possible. We are an indigenous nursery in Hartbeespoort/Brits area. Do you have any communities in this general area you could use our products for? If not, we generally deliver to PTA/JHB once a week or so. We love getting involved in community projects, so please don't hesitate to contact me should you require any further info in this regard. Kind Regards, Lucy Vermooten, Siyakula Nursery Office: 076 639 7949Cell: 083 330 9399

5. COLORWEIS(Limpopo province) Bernard van den Dool is the owner of this nursery: Shout if we can help in Limpopo province

Colorweis

Bernard van den Dool Bsc. (Agric.)(Hort.)

(c) +27 83 297 2349; (o) +27 83 255 2327 / +27 83 265 9043; (f) +86 661 8112 (w)

www.colorweisnursery.co.za

KIRKWOOD

RCC het Cedric aan ons afgestaan om te help riete `plant` om die laning witysterhout boompies te ondersteun – die Augustus winde is hierdie jaar besonders vroeg en ons wou nie die kans vat met die klomp jong bome-kindere nie.

Cedric is natuurlik vreeslik trots en as ons weer sien, tel hy ook sommer papiere op – dit is eintlik sy laning boompies ;) en ons is tog so bly.

Ulrica



UTRECHT

Brief 1

Ek en Riana Homann het die eerste aanbieding die 16de Mei 2012, gedoen by ons Country Club. Ons het mense persoonlik, met pamflette, sms'e genooi na die vergadering. Hulle is in kennis gestel dat dit gaan oor die verfraaiing en verbetering van die dorp. Ons het gehoop op 30 belangstellendes en 93 het opgedaag!



Die oorvol saal in Utrecht!



Alle rasse was daar en die munisipaliteit was ook genooi, maar het nie opgedaag nie. **Hulle het egter baie druk van hulle eie mense ontvang oor hulle onbetrokkenheid en dus kon ons 'n spesiale aanbieding gister die 29ste Jun vir hulle doen. Ons is goed ontvang.**

“Uitstekende bewys dat as julle die hele gemeenskap agter julle kry en hul sien almal dat dit hul toekoms kan verbeter, kan niemand 'n groep Dromers stop nie.” Dus jou eerste doelwit kry gemeenskap gerat om saam te werk.

Die aanbieding het ons ook na die skole geneem (Bergsigskool 7 Jun, Utrecht Hoërskool - sekondêre grade 13 Jun, en sekondêre grade asook primêre grade 19 Jun). Ons het ook 'n spesiale aanbieding op 5 Jun by “White city” – 'n kleurlinggemeenskap in die dorp gaan doen. Hulle is ongelooflik entoesiasies. Ons eerste aanbieding het gegaan rondom die besoedeling in die wêreld en dus ook in Utrecht – ons 2 hoofstrate, Van Rooyen en Voorstraat. Daarom het ons dit soveel kere aangebied, sodat die mense weereens BEWUS kan word van hulle omgewing en hoe dit tans lyk. Die 30ste Mei het ons 'n projek gekies en mense aangewys wat die projek kan lei, bestuur en voltooi.

Die reaksie was ongelooflik. Net die volgende dag het mense begin om die vullis in die strate op te tel. Geboue wat ons gewys het wat verwaarloos is, het gemaak dat ander dadelik hulle eiendom begin opgradeer – bang dat hulle besighede op die volgende skyfievertoning sal verskyn as onversorg. Natuurlik is daar nog steeds mense (die wat dit kan bekostig) wat nog geen samewerking tot op hede gegee het nie, maar ons is baie positief dat dit wel later sal gebeur. Ons het vir eers die laaste vergadering die 20ste gegee, waarin ons 'n paar “voor & na” foto's gewys het.

Ons 1ste projek is om ons poskantoor se aansig op te gradeer. Dit is in die middel van ons hoofstraat en baie opsigtelik.



Slim, baie sigbare eerste projek! Julle moet so julle woema aan die dorpe adverteer.

Die projekteier is Me Laetitia Kotze en haar helpers, Mnr Anton Snyman, Mnr Louis du Pisani en Me Ronel Voogdt. Ons wil mettertyd graag die 2 hoofstrate “opgradeer” en ook iets vir “White City” daarstel. Mense het my al gekontak vir ‘n 2de projek en ‘n derde is in die pyplyn. Sodra dit van die grond af is, sal ek jou meer daarvan vertel met foto’s. Ek stuur ook foto’s van die eerste werk aan die “poskantoor tuin”

Droomgroete Rika Davel

GRASKOP

Hallo daar,

Ja nee, ek sien die dorpe is druk besig met die Droom Projek, baie sterkte en dankie ook dat jy my op hoogte hou met die vordering. Baie dankie ook aan jou dat jy so baie omgee vir die mense, dorpe en die land. Ek wil net by jou hoor of ek die e-mails van die dorpe se vordering in ons koerantjie kan plaas om sodoende die mense hier te probeer motiveer. Die redakteur van die koerantjie wil dit plaas maar ek wil net hoor of dit reg is met jou. Baie dankie en sterkte vir julle almal. Renda Nel

FRANSCHHOEK

Dear Theuns

I have heard about the work your are doing in Bonnievale via Cobie Coetzee and I noticed that you need someone to do translations into English. Ons huistaal is Engels maar ek is tweetalig en is bereid om julle te help indien nodig. Voorspoed vorentoe

Groete Yvonne van der Westhuizen

Duisend dankies en brief nommer 7 gaan ook in Engels wees.

PONGOLA

Goeie More mnr Coetzee, Baie geluk met jou inisiatief daar onder in Bonnievale en nou sommer al in 47 munisipaliteite landswyd! Dit wil gedoen word! Ek sal graag saam met julle wil hande vat en ‘n verskil maak!

Aangeheg is die inleiding van Avantu se aanbieding. Mnr Lohmann Beams gaan eersdaags afvlieg Kaapstad toe vir besigheid en sal julle graag terselfdertyd ontmoet indien julle sou belangstel?

Daar is baie ander informasie en sal graag meer wou uitvind wat presies julle in belang sou stel. Ek e pos dit graag! Onderaan mnr Beams se kontaknommers asook sy webtuiste.

Kan julle sien wat die impak is wat julle op ander hoopvolles uitoefen.

YZERFONTEIN

Hennie Richter en **Ami Smuts** begin woel op Yzerfontein:

Grepe uit hul korrespondensie: Maar... .. "As ek, meneer, en jy, meneer, wie sal dan die wawiel smeer? (Kostelik en SO waar!! Dromers is ALMAL werkers – daar is nie 'menere' nie!!)

.... Het gewonder of dit nie 'n Sub-Komitee van die Bewarea moet wees nie.....sodat daar beheer oor die nodige uitleg (veral om die saal) en projekte is.....

.....Ek dink nou onmiddellik aan die kreatiewe en veldblom & blomliefhebbers van die dorp. Die mense van Yzerfontein wat o.a.jaar na jaar hul kragte inspan by Darling Veldblomskou. Daar is dus mense wat betrokke kan raak.....

..... Vir jou inligting: Meer oor die saak op RSG se webblad: DROOM Suid-Afrika

From: Theuns Coetzee [mailto:theunscotzee@gmail.com]

Sent: 03 July 2012 10:21 AM

Hi Hennie

Dankie vir jou belangstelling. Kyk, een ding wat ons nie doen nie is om iemand wat wil en kans sien om saam te droom, te ontmoedig nie. Daar is nog genoeg tyd tot einde van die maand om julle beplanning te doen, so stuur maar die registrasie. Ons sal julle akkomodeer. Ek sal al die ander inligting ook vir jou aanstuur maar is op die oomblik op kareedouw besig om saam met die gemeenskap te droom. Jy verwys dat daar net 'n paar is wat bereid is om iets te doen. Wel kom ek sê vir jou: Daar is nie een van die 45 dorpe waar dit nie so is nie. Dit is wat dit so uitdagend maak: om daardie sitters aan die gang te kry. Stuur jou dokumentasie en welkom.

Groete

Theuns

Hennie Richter <hennier@telkomsa.net>

Meneer, Ek luister van die begin af met baie groot belangstelling na wat jy in Bonnievale begin het.

Hoewel hier op Yzerfontein ook deur sekere inwoners gewoeker word, is dit onder die beskerming van die plaaslike Stedelike Bewarea. Hier is egter ook werk vir soos wat met die droomprojek nagejaag word. Mense wat hul hande uit die mou wil steek, is ongelukkig baie skaars. Maar soos daardie wolkie so groot soos 'n man se hand (droogtetyd in die Bybel) is hier nou 'n moontlikheid dat iemand die leiding kan neem. Ek sal daardie mens(e) na die RSG-webblad verwys.

My vraag n.a.v. die registrasie: Sal daar volgende jaar weer geregistreer kan word, want vanjaar se tyd daarvoor is mos verby.

Baie dankie by voorbaat.

Hennie Richter

JEFFREYSBAAI

2012/7/25

Dagse Theuns, Ek is baie opgewonde oor die dromers van J'baai. Ek wens ek kan jou weer hier rondry om te wys wat al alles gedoen is. Ons eerste fase moet teen 4 Des. klaar wees vir die somerseisoen! Dan bestaan ons 5 maande sedert stigting die aand van 4 Julie.

Bestaan daar n amptelike logo vir alle dromers? Ons wil n vlag met n logo maak wat ons op die skip by die hoofstrand wil hys. Ons wil graag he dat as vakansiegangers n verskil in ons dorp sien, hulle ook moet sien Dorp van Drome is "alive and well" in Jeffreysbaai!! Laat weet asb. of voorsien ons van die logo. Baie dankie.

Ek lees van n kompetisie vir dorp van dromers in die Leef tydskrif. Dit is in n artikel oor Amore. Dit se dus nie juis iets van die kompetisie nie. Laat weet asb. Weereens baie dankie.

Ek wil graag vir jou fotos stuur van al ons projekte. Ek is besig om n plakboek saam te stel van al die koerant berigte

Seenwense

Deon